SAND DU PLESSIS
AMATEUR STOEIKLUB

VRYWARING MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S

Ek, die ouers soos bo genoem, verleen hiermee toestemming aan (Sand du Plessis Stoeiklub) om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hier bo te vertoon as deel van:
'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van 'n oefensessie; 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in leersessies, advertensies, ensovoorts deur die klub geskep is; die klub se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook, Instagram en Twitter); voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word; video-opnames vir 'n program in verband met die klub wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die klub foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier of vir leermiddels, soos wat die klub goeddink.

Ek verstaan voorts dat hoewel die klub wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die klub se platforms gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die klub van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers).

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die klub te stuur.

VOORSITTER

MNR R Le Roux

Enige navrae welkom om vir Shirley Cromie 0767959002 te kontak.